# VOORWOORD TOT “CHRISTUS EN KULTUUR” Verbondseminaar 2000, aangebied deur die Esra Instituut op 29 Januarie 2000.

Herman Bavinck skryf, dat toe die Christendom sy intrede in die wêreld ingeneem het, dit voor die ontsaglike probleem te staan gekom het om hulself te verantwoord ten opsigte van die wye verskeidenheid kultuurlewe wat hul omring het. Die probleme het gegaan oor die dualismes en verhoudings tussen die herskepping en die skepping, die Seun se werk en die Vader se werk, die koninkryk van die hemele en die koninkryke op aarde, die Sabbat en die gewone werksdae, Christendom en humaniteit, kerk en staat, geloof en wetenskap, teologie en filosofie, gesag en rede, hemel en aarde, en ten einde, wat ook die onderwerp van hierdie boekie betref die verhouding tussen openbaring en kultuur.[1]

Bavinck skryf verder dat hierdie nie net wetenskaplike vrae is nie, maar vrae wat die praktyk van elke mens se lewe raak. Deur die geskiedenis, maar ook vandag, het daar allerlei antwoorde gekom op hierdie vrae, wat gewissel het tussen wêreldgelykvormigheid tot wêreldmyding. Daarom wil ons ook deur hierdie lesings 'n beskeie bydrae maak tot hierdie belangrike onderwerp, soos dit gelewer is tydens die verrigtinge van die *Verbondseminaar 2000: Christus en Kultuur,* op 29 Januarie in die Vrye Gereformeerde Kerk, Pretoria, RSA. In hierdie boekie vind u 'n lesing aangaande wat die Skrif self leer aangaande die kultuurkonsep, 'n lesing aangaande kultuur as die kleed van die mens, asook drie lesings oor drie verskillende teoloë se denke aangaande die gelowige se kultuurvisie en taak.

Die hoop word uitgespreek dat hierdie lesings u mag versterk in u roeping en taak in diens en tot eer van God. Mag hierdie lesings ook daardeur 'n bydrae lewer in die groei van Christus se kerk en koninkryk hier aan die suidpunt van Afrika.

Slabbert Le Cornu 29 Januarie 2000 AD.

> *Die kruis is die veroordeling van die wêreld, en die afsterwing van alle sondige kultuur (terwyl) die opstanding die prinsipiële herstel is van alle kultuur.* – Herman Bavinck

## Inhoudsopgawe van die oorspronklike boekie

**VOORWOORD** 3

**SKRIF EN KULTUUR (ds. JR Visser) 5**
1. INLEIDING 5
2. SKRIFGEDEELTES 5
3. GELD DIE KULTUUROPDRAG OOK NA DIE SONDEVAL? 7
4. HOE BREED IS DIE KULTUUR? 8
5. DIE NORM VIR KULTUUR 8
6. WAAR Lê DIE EENHEID VAN DIE KULTUUR? 9

**KULTUUR: KLEED VAN DIE MENS (prof. HG van der Wateren) 12**
1. PROBLEEMSTELLING 12
2. DIE WOORDOPENBARING OOR DIE OORSPRONG VAN KULTUUR 13

[1] Sien sy lesing, *Openbaring en Cultuur,* in *Wijsbegeerte der Openbaring:* Stone-lezing voor het jaar 1908, gehouden te Princeton, N.J. (Kampen: J H. Kok, 1908), p.207 e.v

3. DIE WONDER VAN DIE KLEED 14
4. TOEKOMSBLIK 17
5. VOLKSKULTUUR 19
6. VERWYSINGS 20
TOTIUS SE KULTUURBESKOUING 22
1. INLEIDING 22
2. DIE TEOSENTRIESE GRONDSLAG VAN MENSLIKE KULTUURVORMING 23
3. DIT, SKRIFTUURLIKE GESAG AS GRONDSLAG VAN MENSLIKE KULTUURVORMING 24
4. KULTUURVORMING IN DIE HISTORIESE LYN VAN DIE REFORMAS1E 25
5. DIE CHRISTELIKE BESKAWINGSIDEE AS RIGSNOER VAN CALVINISTIESE KULTUURVORMING 27
6. SAMEVATTEND 29

**KLAAS SCHILDER SE KULTUURBESKOUING (dr. GJ Meijer) 32**
A. INLEIDENDE OPMERKINGS: OORSIG OOR LITERATUUR 32
B. SKEMATIESE VOORSTELLING 32
C. CHRISTUS EN CULTUUR 33
D. KRITIEK OP CHRISTUS ENKULTUUR 40
E. TOEPASSING OP DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING 41
F. SLOTSOM 41
G. ANDER GERAADPLEEGDE BRONNE 42

**DIE KULTUURBESKOUING VAN R.J. RUSHDOONY (ds. S Le Cornu) 44**
1. INLEIDING 44
2. BIOGRAFIE 46
3. TEOLOGIESE DENKE 48
4. CHRISTUS EN KULTUUR 50
5. GOD SE WET 54
6. 'N BYBELSE SOSIALE ORDE 57
7. KRITIEK 59
8. DIE SUID-AFRIKAANSE SITUASIE 59
9. WERKE VAN R.J. RUSHDOONY 61